Donderdag 6 Augustus
Skrifgedeelte: Psalm 103 (AFR83)
Fokusgedeelte: Psalm 103:8
Lankmoedig en genadig

Ja, ek verdien God se toorn ...

- met my lewe vol sonde,
- met my woorde vol selfliefde,
- met my dade vol haat,
- met my gedagtes vol ondankbaarheid.

Dit het Dawid in sy hart getref, maar dan kom die dankbare verrassing: "Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde." Hy besing God as die Skepper en Onderhouer van alles in sy geweldige verbondsliefde. In liefde bewys God dit aan sy kinders. In sy lankmoedigheid straf God ons nie oor ons sondes nie, maar verwyder Hy dit juis so ver van ons dat dit nie meer by Hom tel nie. Sy liefde en genade is onmeetlik. Soos 'n vader ontferm Hy hom oor ons en versorg ons. Ons kan sy liefde in oorvloed geniet.

God ken die droewe verganklikheid van die lewe. Dawid bely dat die mens se lewe maar soos gras is wat gou verbygaan, maar daarteenoor is die liefde van God vir ons vir ewig. Dit is onverganklik vir hulle wat deur sy Gees regeer word. Dit gee moed en uitsig in ons lewens. Ons moet sy Verbond hou en in gehoorsaamheid aan Hom lewe.

Teenoor sy eie Seun was die Vader nie lankmoedig nie. Christus moes die volle toorn van God dra om vir ons sondes te betaal, sodat ons kan deel in die volle rykdom van God se liefde en genade. So groot is God se liefde en trou dat die hele skepping Hom moet prys.

Wat kan my lewe dan anders as 'n dankbare loflied wees waarin saam met die hele skepping al die lof aan God alleen gebring word? *"Loof die Here, o my siel, en alles wat in my is ...!"*

*Sing: Psalm 103-1:11*

*Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)*